Afrikanertradisies (c)

Graad 6

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Bewus te maak van bepaalde gebruike en optredes wat deur die eeue deur die Afrikaner beoefen en toegepas is
2. Te laat waarneem dat gebruike en optredes verander soos die leefwyse van die volk verander.
3. Inligting omtrent sy volk se kultuur laat bekom.

B VEREISTES:

Die Penkop en Drawwertjie moet weet:

1. Wat is tradisie?
2. Wie skep tradisie?
3. Wie "stop" tradisie?

Kies **VIER** van die **ses** afdelings om deeglik te bestudeer.

Die vlae van ons land

1. Kennis maak met al die vlae wat deur die eeue, sedert volksplanting in 1652 tot vandag, oor ons land (of dele daarvan) gewapper het en waarvan sommige vandag as kultuurvlae erken word.
2. Moet die vlae teken en korrek inkleur.
3. Weet waarom die vlae ingestel is en waarom dit weer vervang is of verdwyn het.
4. 'n Vlagseremonie beplan met meer as die gewone twee vlae en by 'n geskikte geleentheid uitvoer.

Ons Volksfeeste

1. Weet wat die ontstaan van die volgende Afrikaner gedenkdae was, al is die gedenkdae nie meer vakansiedae nie of word dit nie meer amptelik as sulks erken nie.
   - Van Riebeeckdag / Stigtingsdag 6 April
   - Uniedag / Republiekdag 31 Mei
   - Krugerdag / Heldedag 10 Oktober
   - Dingaansdag / Geloftedag / Versoeningsdag 16 Desember

   Die ou benaminge word doelbewus ingesluit.
2. Die groep moet 'n seremonie beplan om een van genoemde dae te vier.

Spesiale geleenthede

1. Weet hoe die volgende geleenthede gevier was en hoe dit tans gevier word:
   - Nagmaal
   - Verjaarsdae
   - Nuwejaar
   - Huwelike
2. Kennis maak met die optredes en handelinge tydens:
   - Begrafnisse
   - Huisgodsdiens
3. As groep saam huisgodsdiens hou.

Die Afrikaner se "eetkultuur"

1. Kennis maak met die Afrikaner se eetkultuur in die volgende tydperke:
   - Bewind van Jan van Riebeeck in die Kasteel
   - Bewind van Simon van der Stel.
   - Groot Trek
   - Pioniers tydperk
   - Dorslandtrek
   - Vandag

   Versamel bogenoemde inligting onder die volgende opskrifte:
   - populêre geregte
   - kookgerei
   - gewoontes voor, na en tydens die ete
2. As groep saam van die geregte uit 'n bepaalde tydperk nuttig. Hulle hoef nie die geregte self voor te berei nie, maar kan help met die beplanning van geregte en die bymekaarbring van geskikte tafelversierings.

Die Afrikaner se kleredrag

1. Kennis maak met van die klere wat die mans, vroue en kinders gedra het in die volgende tydperke:
   - Met volksplanting (Jan van Riebeeck)
   - Tydens die bewind van Simon van der Stel
   - Tydens die Groot Trek
   - Tydens Uniewording
2. Weet hoekom die klere so gelyk het en wat die redes was vir die dra van sekere stukke. Byvoorbeeld die kappie en die nekdoek.
3. Verstaan waarom die kleredrag deur die tye verander het.
4. As groep 'n museum besoek waar spesifiek op die kleredrag gelet word. Indien nie anders kan, gebruik 'n DVD of goeie foto's.

Die Suid Afrikaanse boustyle

1. Kennis maak met die boustyle wat in Suid Afrika gebruik is en hoe die huise saam met die mense se leefstyl verander het.
2. Bespreek en kyk na die volgende boustyle:
   - Vissershuisies van die Kaap.
   - Die gewelhuise in die Boland.
   - Die kapstylhuis op die trekboer se plaas.
   - Die hartbeeshuisie op plase.
   - Die vroeëre plaashuise in Transvaal en die Vrystaat.
   - Die Georgiaanse geboue, met hul streng simmetrise lyne, (na die Britse besetting)
   - Die ryklik versierde geboue van die Victoriaanse tydperk

C AANBIEDING

1. Bepaal eers wat beskikbaar en bereikbaar is voordat die keuses gemaak word.
2. Maak van kenners gebruik vir die aanbieding.
3. Besoeke en praktiese belewing is baie nodig om die waardevolle kennis en ervaring oor te dra.
4. 'n Projek- of werkboek kan gebruik word. Die kind ontvang soveel nuwe inligting dat hy dit moeilik alles sal onthou.
5. Museums, opelug museums en werklike voorbeelde moet verkieslik besoek en gebruik word.
6. Foto's, prente, sketse, skyfies, video's, biblioteke en internet kan almal baie nuttig gebruik word.